

Ons is nie almal dieselfde nie

Ons het genadegawes wat van mekaar verskil volgens die genade wat God aan elkeen van ons gegee het. Romeine 12:6

Navorsing het dit reeds keer op keer bewys: as mense doen wat hulle goed kan doen, is die resultate beter as wanneer hulle iets doen waarmee hulle nie goed is nie. Mense weet lankal, die Bybelse tye reeds, dat ons nie almal dieselfde is nie. Ons het almal verskillende gawes en vermoëns. En ons het almal hierdie gawes in verskillende hoeveelhede en grade ontvang. Om uit te vind wat daardie vermoëns is, is een van die sleutels tot 'n doelgerigte lewe.

Doelgerigte varke


Daar is 'n ou gesegde wat sê: *Jy kan nie 'n vark leer sing nie. Dit frustreer die vark en die musiek klink sleg.* Maar gee 'n vark die regte werk en hy sal 'n sukses maak daarvan, solank hy net nie hoef te sing nie.



Selfontdekking – deur jou Skepper se oë

Die sleutels tot selfontdekking van wie God jou gemaak het om te wees, word onder andere in Romeine 12 in die Bybel uiteengesit. Hier is 'n paar belangrike stappe in die proses om God se wil vir jou lewe te ontdek:

1. *Gee jouself aan God vir sy gebruik (vers 1).* God het 'n belegging in jou, en as jy jou aan Hom gee vir Sy gebruik, het Hy 'n plan vir jou wat verband hou met die wyse waarop Hy jou gemaak het
2. *Moenie soos die buitewêreld word nie, en moenie toelaat dat dit jou verander in iemand wat jy nie is nie (v2).* As jy toelaat dat ander mense, kultuurdruk, jou gesin of enigiemand anders jou verander in iemand wat jy nie is nie, sal jy nooit uitvind wie God jou geskep het om te wees nie. Maak God se weë deel van jou denke en jy sal jou ware self ontdek. Om nie soos die buitewêreld te word nie, beteken om nie te sê vir ander mense se definisies van jou of van wat jy behoort te doen.
3. *Moenie meer van jouself dink as wat jy behoort te dink nie (v3).* Jy sal nooit uitvind wie jy is as jou opinie van jouself te hoog of jou verwagtinge van jouself onrealisties is nie. Dit beteken nie jy moenie groot drome hê nie. Natuurlik moet jy, *maar begin op die vlak waar jy nou is.* Wees nederig, wees pligsgetrou en doen jou bes sover jy gaan.
4. *Gebruik jou gawes in ooreenstemming met die geloof wat God jou gegee het (vv6-8).* Terwyl jy aan die een kant nie van geesdrif moet oorloop en te veel verwag nie, moet jy aan die ander kant gebruik wat aan jou gegee is. Jy sal nooit ontdek wie jy is as jy nie opstaan en waag nie. Durf die wêreld aan en vind uit hoe goed jy is, waarvan jy hou en waarvan nie. Ons weet *nadat* ons probeer het.
5. *Kry terugvoering van raadgewers en afrigters.* Onthou dat die beste presteerders in die lewe afgerig word en op raadgewers staatmaak. *Waar daar nie beraadslaging is nie, slaag planne nie; dit slaag wanneer daar baie planne is. Spreuke 15:22.* Ons het ander nodig – nie soseer om ons te definieer nie, maar om ons gawes raak



te sien en te bevestig.

6. *Luister na jou hart.* God het elkeen van ons met ons eie stel gawes en vermoëns gemaak. Jy weet waarvan jy hou en waarvan nie. Wat gee jou energie en wat tap jou kragte? Soms is dit nie moontlik om jou hartstogte en jou werk te kombineer nie. As dit die geval is, kan jy op ander maniere aan jou hartstogte uiting gee.

Wat jou situasie ook al is, soek altyd 'n manier om uitdrukking aan jou hart te gee, hetsy deur werk, spel of diens aan God en ander. Die apostel Paulus was 'n tentmaker en Jesus was 'n timmerman. Maar ons weet hulle het baie tyd buite daardie gebiede spandeer om hul doel te bereik.

As jy aan jou doel wil beantwoord, is dit noodsaaklik dat jy jou gawes ontdek. As jy uit jou ware self optree, uit wie jy werklik is, sal jou lewe uit jou hart kom en sal God jou lei.

'n Mens beplan sy pad, maar die Here bepaal hoe hy loop. Spreuke 16:9

Vind jou hart en vind jou ware gawes en onthou om God in die eerste plek tevrede te stel en om tweedens uitdrukking aan wie jy is, te gee – en dit sal met jou goed gaan.